(For release: 10 December 2007)

EERSTE BRAVO! BUITE-FEES IN MOSSELBAAI!

Die Bravo! Fees vind plaas in Mosselbaai van 18 – 22 Desember 2007. Die fees bestaan uit ‘n splinternuwe Buite-fees gedurende die dag aangebied deur die immer gewilde Egoli Sterre.

Die Buite-fees skop af op Dinsdag 18 Desember by Diaz Strand vanaf 11h00, met “Kuier en Kook” aangebied deur Shaleen Surtie-Richards (Nenna) en bekende TV Sjef Francois Ferreira. Francois gaan 3 spesiale somersslaaie voorberei wat ideel is vir die feestyd. Terwyl daar gebak en brou word, sal die broers, Christo & Cobus sorg vir vermaak. Bespreek vroegtydig by Diaz Ontvangs – toegang gratis.

Die Crocs Talent Kompetisie vind plaas op Woensdag 19 Desember vanaf 11h00 op Diaz Strand. Maak Crocs deel van jou vertoning en staan ‘n kans om tydens ‘n Bravo konsert asook die Egoli & Vriende Vertoning op te tree. Die kompetisie word aangebied deur Michelle Pienaar (Audrey) & Tamarin du Toit (Cat) terwyl Nic Stevens die heupe sal laat skud. Inskrywingsvorms is beskikbaar by die Diaz Hotel ontvangs – jonk en oud welkom in te skryf.

Op Donderdag 20 Desember vind die Pick-a-box plaas by Langeberg Winkelsentrum, aangebied deur die hartebrekers, Izak Davel (Scab) en Marcus Muller (Liam) met Christo & Cobus wat die vermaak gaan haal uit? verskaf. Daar is meer as R30 000 se pryse te wen! Inskrywingsvorms is beskikbaar by Langeberg Winkelsentrum Bestuurskantoor.

Wen met Swartland Wynkelder op Vrydag 21 Desember by Hartenbos Strand vanaf 11h00. Ontmoet Mandi du Plooy (Lara) en Arno Jordaan!

Die Bravo! Hooffees aandprogramme vind elke aand plaas by Garden Route Casino in die Huisgenoot Tent. Die Egoli & Vriende Vertoning is op 21 Desember.

Bravo! Konserte
Kaartjies is beskikbaar by Garden Route Casino inligtingstoonbank
Egoli & Vriende – TOEGANG GRATIS